Hoofstuk 7 Die Hoogtes / Surah Al-A'raf

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alif, Lam, Mim, Sad.

2. Hierdie is 'n Boek wat aan jou, Mohammed geopenbaar is, so moenie dat daar enige beperkings in jou hart jeens dit wees nie, sodat jy deur middel van dit kan waarsku, en die gelowiges daarmee met raad en advies kan bedien.

3. Volg na dit wat aan jou geopenbaar is deur jou Skepper, Voorsiener en Ondehouer, en moenie enige vriende navolg nie behalwe net Hy. Die mens is tog so kort van geheue en leer so stadig!

4. Hoeveel dorpe het Ons nie vernietig nie, en het Ons straf nie in die nag of wanneer hulle 'n middagslapie gevat het nie.

5. So was hul uitroepe terwyl ons straf oor hulle gekom het, niks anders nie as: “Ons was inderdaad verkeerd in dit wat ons gedoen het.”

6. So sal Ons dan vir diegene na wie toe die boodskappers gestuur was en vir die boodskappers ondervra.

7. Dan sal Ons vir hulle die hele verhaal vertel, met kennis daarvan, omdat Ons altyd daar was.

8. Dit is 'n uitgemaakte saak dat op die Oordeeksdag sal die goeie en slegte dade van elke mens geweeg word. Hulle dan wie se goeie dade die swaarste gewig op die skale gaan registreer, hulle is die suksesvolles.

9. En diegene wie se skale die ligste gewig registreer, hulle is diegene wie v ir hulleself verlies teweeg gebring het, omdat hulle nie reg laat geskied het aan Ons verse nie.

10. Ons het aan julle 'n plek op die aarde gegee, en daarop vir julle lewensmiddele voorsien. En tog was julle nie baie dankbaar nie.

11. Daarna het Ons die mens geskape, en hom gevorm en aan die engele opdrag gegee: “Kniel voor Adam.” So het die engele dan almal voor Adam neergekniel behalwe vir Iblis. Hy het nie deelgeneem in die daaraan om voor Adam neer te kniel nie.

12. Toe het Allah gesê: “Wat het jou verhinder om v oor Adam neer te kniel toe Ek julle beveel het om dit te doen?” waarop Adam geantwoord het: “Ek is beter as Adam. U het my uit Vuur geskape, en hom het U uit klei geskep.” (K2:34)

13. Daarop het Allah gesê: “In daardie geval, gaan dan van hier af, af, dit is nie vir jou betaamlik om hier arrogant te wees nie, So, gaan dadelik. Jy is van die laes.”

14. Iblis vra toe: “Gee my dan net uitstel tot op die Opstandingsdag., wanneer almal opgewek gaan word.”

15. Waarop Allah geantwoord het: “Uitstel is verleen aan jou.”

16. Iblis sê toe verder: “Ek sweer dat, net soos wat U my laat afdwaal het, sal ek vir hulle 'n lokval stel en vir hulle sit en wag op die reguit weg waarop U hulle lei, om hulle te mislei om nie volgens U wil te lewe nie.”

17. Dan sal ek op hulle neerkom van voor en van agter en van regs en van links. En U sal vind dat meeste van hulle nie dankbaar is nie*. (*K34:20 & K17:62)

18. Toe sê Allah: “Uit hier jy, verdoemde, verwerpte. Dit is inderdaad so dat ek die Hel vol gaan maak met met julle almal saam: met jou en diegene wat jou volg.”

19. En toe sê Allah: “Adam, woon jy en jou vrou nou in die Paradys, en eet van enigiets wat julle wil, maar moenie naby hierdie boom gaan nie, want dan sal julle van die oortreders wees.”

20. Satan fluister toe vir hulle met die doel om dit van hulle skaamte wat bedek was te ontbloot: “Julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer het hierdie boom vir julle verbode gemaak, sodat julle nie deur daarvan te eet, engele sal word nie of verewig sal word nie.”

21. Satan sweer toe nogal 'n eed: “Ek is een van diegene wat julle net die beste toewens.”

22. So laat Satan hulle toe verval met sy misleiding. Toe hulle dan die vrug van die boom eet, word hulle bewus van hul naaktheid en skaamte. En hulle begin net daar om hul naakte te bedek deur vir hulleself van die blare in die Paradys, aanmekaar te heg. Toe roep hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer na hulle: “Het ek julle dan nie verbied om van daardie boom te eet nie, en het ek nie vir julle gesê dat Satan julle openlike vyand is, nie?”

23. Hulle antwoord toe: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ons het onsself groot skade aangedoen, en indien u ons nie vergewe nie en ons nie seën met genade nie, dan sal ons van die verloorders wees.”

24. Allah sê toe: “Gaan af, hiervandaan weg, som mige van julle vyande van ander, na die aarde to waar daar vir julle 'n vir 'n tydeperk 'n woonplek en genietinge sal wees.”

25. Verder het Allah gesê: “Daar sal julle woon en sterf en van daaraf sal julle weggeneem word.”

26. O kinders van Adam, Ons het vir jou klere geskenk om jou skaamte mee te bedek en vir jou vrou klere wat mooi is. Om bekleë te wees met 'n heilige ontsag en respek vir Allah is egter die beste. Dit is een van die tekens van Allah, sodat hulle ontvanklik kan wees vir advies..

27. O kinders van Adam: “Moenie dat Satan julle in die moeilikheid bring op die manier waarop hy julle ouers uit die Paradys laat uitsit het nie, en selfs veroorsaak het dat hulle bekleding verdwyn het sodat hy hulle hul skaamte kon wys, nie. Wees verseker, die Satan en sy metgeselle sit vir julle en loer vanwaar julle, hulle nie kan sien nie. Ons het die satans vriende gemaak vir diegene wat nie glo nie.”

28. Wanneer die ongelowiges iets skandeliks doen, soos om naak om die Kaaba te loop omdat hulle dit nie in hul eie klere mag gedoen het nie, en nie altyd klere by die Koresj geleen kon kry nie, dan sê hulle: “Ons het gesien dat ons vaders dit doen, en Allah het ons beveel om dit ook te doen.” Sê vir hulle: “Allah beveel nooit iemand om iets skandeliks te doen nie. Sê julle dinge van Allah waarvan julle niks weet nie?”

29. Sê vir hulle: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer het my beveel om toe te sien dat geregtigheid geskied, dat daar altyd balans is en matigheid voor oë gehou word.” Julle moet sorg dra dat julle elke keer wanneer julle Aanbid deur voor Hom neer te kniel, julle dit netjies geklee en ordelik doen, en dat julle Aanbid met 'n reine geloof in Allah. Soos wat julle gebore is, so sal julle na Hom toe tegrugkeer.

30. Sommige mense het Allah gelei na die waarheid en ander het weer misleiding as hul bestemming gehad. Laasgenoemdes het inderdaad die Satans as hul vriende geneem, in plaas van Allah, en hulle verkeer onder die indruk dat hulle op die Regte Weg is en binne die Wil vir Allah lewe.

31. O kinders van Adam, wanneer julle na die Moskee to gaan, dra dan iets wat goed lyk aan julle. Eet en drink maar moenie uitspattig wees nie. Allah hou regtig nie van die uitspattiges nie. (K17:26)

32. Sê vir hulle: “Wie het op grond van onthouding die versiering verbied wat Allah vir Sy diensknegte gegee het, en hul lewensmiddele wat goed is vir hulle gesondheid?” Sê vir hulle: “Dit is vir die gelowiges om mededeelsaam te gebruik tydens hierdie aardse bestaan, terwyl dit uirsluitlik vir hulle is op die Opstandingsdag. Dit is hoe Ons die verse verduidelik vir mense wat verstaan.”

33. Sê vir hulle: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer het slegs die skandelike dinge verbied, die voor die hand liggende en die verskuilde, sondige en ongeregverdigde aggressie, en dat julle iets met Allah sal assosieer waarvoor Hy nie magtiging geskenk het nie, en dat julle oor Allah iets sal sê waarvan julle eintlik niks weet nie.

34. Volke kom en gaan: vir elke volk is daar 'n bepaalde tydperk. Soveel so dat wanneer hulle bepaalde tyd aanbreek, sal hulle nie vir 'n oomblik laat wees nie, of vroeër as wat bepaal is gaan nie.

35. Kinders van Adam, wanneer boodskappers uit julle geledere na julle toe kom en My verse aan julle voorhou, wie dan ook al 'n heilige ontsag en respek het vir Allah en homself korrigeer daarvolgens, hulle sal niks hê om te vrees, of om oor ontstelt te wees nie.

36. Hulle wat Ons verse belieg en dit ewe arrogant opponeer, hulle is die mense van die Vuur. Daar sal hulle vir ewig bly.

37. Wie kan dan meer arrogant wees as hy wat 'n leuen teen Allah versin of Sy tekens belieg. Hulle sal hul deel kry van wat geskrywe is tordat Ons boodskappers na hulle toe sal kom om hull siele te neem en dan vir hulle te vra: “Waar is dit wie julle in die plek van Allah aangeroep het?” Hulle sal dan antwoord: “Dit is vir ons verlore” waarna hulle teen hulself sal getuig dat hulle ongelowiges was.

38. Dan sal Allah sê: “Gaan in die Vuur in saam met volke wat voor julle hier ingegaan het, die Jinn en die mense.” Wanneer ook al 'n volk ingaan in die Vuur, sal hulle hul volksgenoot vervloek totdat hulle saam daar is, en die laastes van die eerstes sal sê: “Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hulle het ons mislei, gee aan hulle dubbeld die straf van die Vuur.” maar Allah sal sê: “Vir elkeen is daar 'n dubbele straf, maar julle sal nie weet nie.”

39. En die wat eerste was sal vir die wat laaste was sê: “So julle is beter af as ons. Voel nou hoe voeld ei straf wat julle verdien” (K16:18)

40. Waarlik, diegene wat Ons tekens belieg het en dit arrogant teengestaan het, vir hulle sal die hekke van die hemele nie geopen word nie, en hulle sal eers in die Paradys ingaan die dag wanneer 'n kameel deur die oog van 'n naald kan gaan. Dit is hoe ons die sondaars vergeld.

41. Vir hulle is die enigste rusplek 'n bed met lakens uit die Hel. Dit is hoe Ons die oortreders vergeld.

42. Diegene wat glo en goeie dade doen, terwyl Allah niemand bo sy vermoë belas met v erpligtinge nie, hulle is die mense van die Paradys, en hulle sal vir ewig daar bly.

43. En Ons sal watter kwaad daar ook al in hulle harte gehad het, verwyder. Riviere sal onderdeur hulle vloei. En hulle sal sê: "Alle lof kom Allah toe Wie ons hierheen gelei het, waarlik die boodskappers van ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer het met waarheid na ons toe gekom." Dan sal hulle geroep word: "Hier is die Paradys. Hierdie is wat julle bestem was om te erf, vir die dade wat julle gedoen het."

44. Dan sal die mense in die paradys uitroep na die mense van die Vuur en sê: "Ons het uitgevind dat dit waar is wat ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer ons belowe het. Wat het julle gevind: is dit waar wat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer julle belowe het?" Die mense van die Vuur sal dan antwoord: "Ja, dit is waar." Dan sal 'n aankondiger tussen hulle uitroep: "Die vloek van Allah is by diegene wat verkeerd gedoen het,

45. hulle wat hul rue gedraai het op die weg van Allah, en gepoog het om die reguit weg krom en verdraaid te maak, hulle is die verloënaars van die Hiernamaals."

Hulle wat die Paradys nog maar net in die verte sien op grond van hul hoop om ook eendag daar te kom en die wat reeds daar is, Vrede toeroep

46. Tussen die twee groepe sal daar 'n verdeling wees. En op die Araf Hoogtes sal daar mense wees wat die twee groepe van mekaar kan onderskei op grond van hulle tekens en dan sal uitroep na die mense van die Paradys: "Vrede vir julle." Hulle sal die mense wees wat nog nie die Paradys binnegegaan het nie, en hoop om ook toelating te verkry.

47. Wanneer hulle dan die mense van die Vuur sien, sal hulle sê: "O onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, moet ons tog nie by die mense plaas wat sonde gedoen het nie."

48. Die mense op die Araf Hoogte sal dan uitroep na diegene wat hulle aan hulle tekens herken en sê: "Die massas wat julle besit het, het julle toe niks gehelp nie, en ook nie die arrogansie waaraan julle so gewoond was nie.

49. Dan sal Allah die mense van diee Hel toespreek en sê: "Is dit van hierdie mense wat julle met 'n eed gesweer het en gesê het dat Allah hulle nie met Sy genade sal bereik nie?" maar dan sal Allah 'n verklaring uit genade maak: "Gaan in, in die Paradys in, daar is niks om te vrees nie en niks om oor ontsteld te wees nie."

50. Dan weer sal die mense van die Vuur uitroep na die mense van die paradys: "Gooi tog net 'n bietjie water op ons of van dit wat Allah aan julle voorsien het." Maar dan sal diegene in die Paradys sê: "Allah het dit wat julle wil hê, verbode gemaak vir die ongelowiges,

51. hulle wat hulle geloof as 'n spel en speletjies beskou het, en wie deur die aardse lewe mislei was." So, vandag sal Ons hulle vergeet, soos wat hulle vergeet het dat daar 'n dag sal kom soos wat hulle nou beleef, en soos hulle Ons tekens en boodskappe misken het.

52. Ons het verseker vir hulle die Boek gebring, die Boek wat ons so breedvoerig uiteengesit het, met kennis, en leiding en genade vir diegene wat glo.

53. Hulle wag net vir die vervulling van die eindgebeure met betrekking tot die pyniging, straf, die ewige Vuur of die Paradys wat hulle belowe was. Op die Opstandingsdag wanneer dit uiteindelik in vervulling gaan, sal diegene wat dit vroeër geïgnoreer het sê: "Waarlik die boodskappers van ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer het die waarheid gepraat. Is daar dan nou enige middelaars vir ons wat tot ons voordeel vir ons kan intree? Of kan ons teruggestuur word, sodat ons die teenoorgestelde kan doen van wat ons gedoen het: sodat ons in Allah kan glo en kan luister na wat die boodskappers gesê het en daarvolgens kan lewe deur goeie dade te doen?"* Hierdie mense het vir self veroorsaak dat hulle groot verlies lei deurdat hulle in die Vuur vernietig gaan word, asook diegene wie hulle vir hulleself as gode geneem en aanbid het, en wie nou vir hulle moes intree as bemiddelaar en redder, is ook vir hulle verlore. (*K6:27&28)

54. Waarlik, julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Allah, wat die hemele en die aarde in ses dae geskape het, en Homself daarna op die Troon geplaas het. Hy bedek die dag met die nag, en die een volg die ander op sonder vertraging.* En Hy het die son en die maan en die sterre geskep, alles onderworpe aan Sy bevel. Neem kennis, die hele skepping is vir Allah en dit alles is onder Sy bevel. Glorieryk is Allah, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van al die wêrelde. (*K36:37-40)

55. Bid en vra net vir Allah alleen, indien julle iets wil hê of indien julle enige behoefte het, maar vra dit in nederige erkentlikheid van julle onvermoë en afhanklikheid van Hom. Hy hou sekerlik nie nie van diegene wat nie binne perke bly en binne Sy Wil vra nie.

56. Allah het die aarde goed en reg geskape met 'n natuurlike orde: moet nou nie daardie orde versteur met dit wat julle doen nie. Bid en vra met 'n heilige ontsag en respek en in die hoop dat jy dit wat jy vra sal ontvang. Waarlik die genade van Allah is naby aan diegene wat goed is in hul dade.

57. Dit is Hy wat die winde laat waai met die nuus dat Sy seëninge op pad is, totdat die winde die swaar reënwolke oplig en Ons dit na 'n verdroogde land waai en Ons daar die water uitstort en daarmee die vrug van die land voortbring. Net soos wat Ons lewe in die verdorde aarde bring het met die reën, so sal Ons die dode met die Oordeelsdag laat verrys, dink daaroor na en leer daaruit goeie advies.58. Wat betref die goeie grond, dit bring goeie plantegroei voort met die toestemming van die Skepper, Voorsiener en Onderhouer daarvan. Op die slegte grond groei eintlik niks anders nie as dit wat sleg is. So het My verse en die goddelike boodskap wat dit dra ook nie vir alle mense dieselfde waarde nie: die waarde daarvan word eintlik bepaal deur die dankbaarheid van die lesers en hul vermoë om die waarde daarvan raak te sien.

Noag

59. Ons het vir Noag as Profeet na sy eie mense toe gestuur. Hy het toe vir sy volk gesê: “O my volk, aanbid Allah. Vir julle is daar nie 'n ander God as net Hy nie. Daar kom 'n dag wanneer almal wat meer as net Allah aanbid gestraf gaan word, en ek wil nie hê dat julle die straf van die Groot Dag sal beleef nie.”

60. Die leiers van sy volk antwoord toe: “Ons kan sien dat jy baie duidelik 'n fout begaan.”

61. Maar Noag antwoord: “O my volk, dit is nie ek wat die fout begaan nie: ek is die boodskapper van die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.

62. Ek dra maar net die boodskappe van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan julle oor, en my wens is dat julle daardeur verbeter sal word: ek weet uit die boodskap wat Allah vir my gegee het wat julle nie weet nie.

63. Wonder julle dalk hoekom 'n boodskap vanaf Allah na julle toe kom deur middel een van julle eie manne, om julle te waarksu sodat julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah kan hê en sodat julle met genade geseën kan wees.”

64. Toe het hulle Noag belieg en belaster, soveel so dat Ons hom en die wat saam met hom was in die Ark moes red en almal wat hom belieg en belaster het laat verdrink het. Hulle was waarlik 'n blinde volk.

Hud

65. Na Ad toe het Ons weer hulle broer Hud gestuur. En Hud het gesê: “O my volk, aanbid Allah: julle het geen god behalwe Hy nie. Het julle dan nie 'n heilige ontsag en respek vir Allah nie?”

66. Die leiers van sy volk wat nie geglo het nie, antwoord toe: “Ons sien dat jy 'n dwaas is en ons glo dat jy ongetwyfeld een van die leuenaars is.”

67. Hy sê toe verder vir hulle: “O my volk, daar is nie dwaasheid in my nie, maar ek is 'n boodskapper vanaf die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.”

68. Ek dra aan julle die boodskappe vanaf my Skepper, Voorsiener en Onderhouer oor en ek is 'n eerlike raadgewer vir julle.

69. Wonder julle dalk hoekom advies vanaf julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer na julle toe kom deur middel een van julle eie manne, om julle te waarksu? Onthou Allah het julle die erfgename van Noag gemaak en aan julle groter fisieke krag gegee. So, hou net die oorvloedige goedheid wat Allah julle geskenk het in gedagte, sodat julle suksesvol kan wees.”

70. Hulle sê toe: “Het jy na ons toe gekom sodat ons Allah alleen sal aanbid en dit opgee wat ons vaders aanbid het? Nou toe, bring dan nou die straf oor ons waarmee jy ons dreig, as jy 'n betroubare mens is.”

71. Hud antwoord toe : “Die straf en die woede van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer het op julle neergedaal. Baklei julle nou met my oor die afgode wat julle en julle vaders name gegee het, waarvoor Allah geen toestemming gegee het nie? So, wag maar. Ek sal saam met julle wag.”

72. So het Ons toe vir Hud en die wat saam met hom was uit genade gered, terwyl Ons diegene wat Ons boodskap belieg het uitgeroei en verdelg het. Hulle was nie gelowiges nie.

Salih

73. Na Thamud toe het ons weer vir Salih gestuur. Salih sê toe vir die volk: “O my volk, aanbid Allah. Julle het geen ander God nie, as net Allah. Daar kom na julle toe 'n duidelike boodskap vanaf julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Hierdie is 'n vroulike Kameel van Allah, 'n boodskap vir julle. Los haar dat sy vrylik vreet van dit wat die aarde van Allah voortbtring, en moet haar geen kwaad aandoen nie, sodat julle nie met 'n pynlike straf vasgevat word nie.

74. Moenie vergeet nie, Hy het julle die nakomelinge van Ad gemaak en aan julle die grond van Ad gegee en die vaardigheid om vir julleself te bou kastele op die vlaktes te bou en huise in die berge uit te kap. So moet nou nie die oorvloedige goedheid van Allah vergeet nie, en moenie wanorde op die aarde verspei nie.”

75. Die leiers van sy volk, wat 'n arrogante houding gehad het, sê toe vir die wat geglo het en deur die leiers as maar swakkerig beskou is: “Is julle seker dat Salih 'n boodskapper van sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer is?” Die wat geglo het antwoord: “Verseker: ons glo dit waarmee hy gestuur was.”

76. Die arrogantes sê toe weer: “Ons glo verseker nie in dit waarin julle glo nie.”

77. Hull slag toe die vroulike Kameel in blatante verontagsaming van die bevel van hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en sê: “Salih, laat die straf waarmee jy ons gedreig het nou oor ons kom, dit is nou as jy een van die boodskqppers is.”

78. So het die aardbewing hulle dan oorval, en hulle is dood gevind in hul huise, soos wat hulle net daar op die plek inmekaar gesak het.

79. Salih het toe omgedraai en weggestap met die woorde: “O my volk, ek het definitief aan julle die boodskap oorgedra vanaf my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en my wens vir julle was net maar dat dit met julle goed sal gaan en dat julle, julself sal verbeter, maar julle hou nie van opregte raadgewers nie.”

Lot

80. Lot weer, het vir sy volk, waarheen Ons hom gestuur het gesê: “Pleeg julle 'n onsedelike daad, soos wat niemand voor julle nog ooit in die hele wêreld gedoen het nie?”

81. Waarlik, julle het seksuele omgang met mans in plaas van met vroue. Julle het werklik die perke oorskry.

82. Die volk van Lot kon hom niks daarop antwoord nie, anders as dat hulle gesê het: “Verdryf hierdie mense uit die dorp uit. Hulle is inderdaad 'n volk wat voorgee om rein te wees.”

83. Toe het Ons Lot en sy huishouding gered, behalwe vir sy vrou, wat een van die was wat agtergebly het.

84. Daarna het Ons klippe op hulle laat neerreën. Sien dan nou wat die nagevolge vir die misdadigers is.

Shuaib

85. Na Midian toe het Ons hulle broer Shuaib gestuur. Shuaib sê toe vir sy volk: “O my volk, aanbid Allah. Julle geen god anders as Hy nie. Daar het nou na julle toe 'n duidelike boodskap gekom van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer af. So, maak seker dat wanneer julle iets afmeet of weeg, julle die korrekte lengte en gewig bepaal, sodat julle niemand wat by julle iets koop benadeel nie. Moenie korrupsie op die aarde veroorsaak, na die hervorming daarvan nie.????

86. Moenie langs die paaie sit en al die gelowiges wat daar verby kom lastig val en bedreig nie. Onthou hoe Ek julle vermenigvuldig het toe julle nog maar min was nie, Ek kyk wat was die gevolge van die wat kwaad aangerig het.

87. En indien daar 'n groep van julle is wat glo in die boodskap waarmee ek gestuur is, en 'n groep wat nie glo nie, wees dan geduldig totdat Allah sê wie van ons was reg. Allah is die beste beoordelaar en regter.

88. Die leiers van die arrogantes in sy volk sê toe: “Shuaib jy kan seker daarvan wees dat ons jou hier gaan wegjaag, saam met diegene in ons dorp wat soos jy glo: of anders moet jy terugkom na ons godsdiens toe.” Shuaib antwoord toe: “Wil julle hê ons moet weer soos julle glo, selfs al verafsku ons julle godsdiens.!”

89. “Ons sou inderdaad 'n leuen teenoor Allah versin indien ons sou besluit om terug te keer na die geloof waaruit Allah ons juis gered het. En in elk geval is dit nie vir ons om so 'n besluit te maak nie, tensy Allah die Wil van Allah, ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer is. Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer het die volle begrip van alles omdat Hy die kennis daarvan het. Ons vertrou op Allah. Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, oordeel U tussen ons en ons volk in wat die waarheid is. U is die beste van almal wat beoordeel en uitspraak gee.”

90. Toe sê die leiers van die ongelowiges in sy volk vir die gelowiges: “As julle agter Shuaib aanloop, sal julle waarlik die verloorders wees.”

91. Toe kom daar 'n aardbewing wat tot gevolg het dat hulle morsdood, uitgestrek in hul huise gelê het.

92. Wat betref diegene wat Shuaib nie geglo het nie, asof hulle nog nooit daar gebly het nie. Die ongelowigees was toe altyd die verloorders.

93. Shuaib het toe van daar af weggegaan met die woorde: “O my volk, ek het inderdaad vir julle die boodskap oorgedra vanaf my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en ek het aan julle goeie raad gegee. Hoe kan ek dan treur oor 'n volk wat waarheid verwerp het.”

Allah stuur altyd boodskap en fisiese nood as medewerkers in teregwysing

94. Ons het nooit 'n profeet na 'n dorp toe gestuur sonder dat Ons dit ook getref het met honger en armoede en lyding as gevolg van siekte nie, sodat hulle nederig sal word, en sal luister as die profeet met hulle praat.

95. Daarna het Ons hul nood verander in voorspoed en groei totdat hulle weer sterk gestaan het. In plaas daarvan om dan hieruit dankbaarheid teenoor Allah te leer, het hulle net gesê: “Ons voorvaders het ook soortgelyke swaarkry en lyding ervaar, dis niks snaaks nie en is maar die verloop van die lewe en het eintlik niks met ons geloof en dade te doen nie.” Dan, as gevolg van hul hardkoppige volharding in hul sonde en onkunde, het ons hulle skielik vasgevat en tot verantwoording geroep sonder dat hulle besef wat hulle tref.

96. Indien die mense van die dorpe geglo heet en 'n heilige ontsag en respek vir Allah gehad het, sou Ons vir hulle seëninge uit die hemele en die aarde oopgemaak het, maar hulle het nie geglo nie. So het Ons dit wat hulle vir hulleself verdien het van hulle af weggevat.

Net die verloorders sal na dese beveilig voel teen die planne van Allah: wyse mense leer hieruit 'n les om weg te bly van sonde af

97. Voel die mense van die dorpe na dese beveilig teen Ons straf wat oor hulle kan kom in die nag wanneer hulle slaap?

98. Voel die mense van die dorpe na dese beveilig teen Ons straf wat hulle in helder daglig kan tref wanneer hulle speel?

99. Voel hulle beveilig teen die planne van Allah? Niemand behalwe die verloorders, sal na dese beveilig voel teen die die planne van Allah nie.

100. Leer die erfgename van die land van die vorige inwoners van die land dan nie 'n les uit dit wat hul voorgangers oorgekom het as gevolg van hulle sonde nie, en dat Ons hulle ook, as Ons wil, ook so kan straf vir hulle sonde? Omdat hulle nie leer uit die verlede nie, verseël Ons hulle harte sodat hulle nie luister nie.

101. Hierdie is van die dorpe en die belangrikste dinge wat in hulle gebeur het waarvan Ons julle vertel. Hulle boodskappers het waarlik na hulle toe gekom met duidelike boodskappe of wonderwerke, maar hulle was nie bedoel om te glo in dit wat hulle voorheen belieg het nie. Dit is hoe Allah die harte van die ongelowiges verseël.

102. Ons het nie by meeste van hulle 'n onverbreekte ooreenkoms gevind wat voor die skepping van alle wesens met onder andere die menslike geeste gesluit was dat hulle erken dat Allah hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer is, wat hulle nie verbreek het nie.

Moses

103. Daarna het Ons vir Moses met Ons boodskappe na Farao en sy leiers toe gestuur, waar hulle Moses groot onreg aangedoen het. So, kyk wat was die eindbestemming van die kwaaddoeners.

104. Moeses het gesê: “Farao, ek is a boodskapper vanaf die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.

105. Ek is nie werd om enigiets anders van Allah te ê nie as net die waarheid. Ek kom na jou toe met 'n duidelike boodskap vanaf jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. So, laat die kinders van isarel saam met my gaan.”

106. Hierop het Farao geantwoord: “As jy dan met 'n boodskap en teken gekom het, gee dit vir my as jy betroubaar is.”

107. Daarop het Moses sy stapstok op die grond neergegooi en dit het in 'n slang verander...

108. ... en toe hy weer sy hand uitruk was dit 'n helder wit lig vir die toeskouers wat saamgedrom het. (K28:32 & K27:12)

109. Die invloedryke leiers van Farao se mense sê toe: "Hierdie man is definitief 'n buitengewoon slim towenaar.

110. Hierdie man het 'n verskuilde agenda en sy plan is om julle uit julle land uit te verdryf te kry. So, wat stel julle voor?"

111. Die volk antwoord toe: "Los hom en sy broer vir 'n rukkie alleen, maar stuur dan mannes na al die stede toe om

112. al die ekspert towenaars bymekaar te maak en vir julle te bring."

113. Die towenaars kom toe na Farao toe. Hulle sê toe: "Daar behoort vir ons 'n belining te wees indien ons die wenners is."

114. Farao antwoord hulle toe: "Ja natuurlik, en wat meer is, julle sal daarna sommer naby aan my wees."

115. Die towenaars var toe vir Moses: "Wil jy eerste wees deur of sal ons begin." Moses antwoord: "Julle kan maar eerste gooi."

116. Toe die towenaars begin en hul stapstokke neergooi, was die mense verwonderd en hulle oë was betowerd soveel so dat hulle eintlik bang geword het, vir die indrukwekkende towery.

117. Toe het Ons aan Moses openbaar: "Gooi jou stapstok." Moses gooi toe sy stapstok, wat toe nie net in 'n slang verander nie, maar sommer begin om al die ander slange wat die towenaars opgetower het, in te sluk.

118. So het die waarheid geseëvier en dit wat hulle gedoen het, waardeloos gemaak.

119. Die towenaars is net daar oorwin en verneder.

120. En die towenaars het geen ander keuse gehad nie as om net daar neer te kniel,

121. en gesê: "Ons glo in die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde,

122. die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van Moses en Aaron."

123. Maar Farao sê: "Julle glo in hom voordat ek julle toestemming gegee het. Hierdie lyk vir my na 'n gekonkle en 'n plan wat julle gemaak het in die stad sodat julle die stad kan oorneem en die mense uitgesit kan kry. Nou sal julle die einde van julle planne sien.

124. Ek gaan ongetwyfeld julle hande en bene van teenoorgestelde kante laat afsny. Daarna sal ek julle almal saam laat kruisig.*" (K38:12)

125. Die towenaars sê toe: "O wel, Ons moet in elk geval een of ander tyd na ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe terugkeer."

126. "Jy straf ons vir geen ander rede nie as net omdat ons die tekens en boodskap van ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer geglo het toe dit na ons toe gekom het." Hulle bid toe: "O onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, stort geduld oor ons uit en laat ons sterf terwyl ons getroue Moslems is."

127. Die leiers van die Farao se volk sê toe: "Los jy Moses en sy volk net so om wanorde deur die land te veroorsaak en nadat hy jou en jou gode verwerp het? Hierop antwoord Farao toe: "Ons sal hulle seuns en dogters vermoor en ons sal hulle vroue laat lewe. Ons het ten volle mag oor Moses en sy volk."

128. Moses sê toe vir sy volk: "Vra vir Allah om te help en wees geduldig. Die land behoort aan Allah. En Allah laat wie Hy wil, van Sy diensknegte, dit vererf. Die eindresultaat is ten gunste van diegene wat 'n heilige ontsag en respek het vir Allah."

129. Die volk sê toe vir Moses: "Ons was vervolg voordat jy na ons toe gekom het en nadat jy na ons toe gekom het." Moses antwoord: "Dit is waarskynlik dat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer julle vyand gaan vernietig en julle opvolgers op die aarde gaan maak, waarna Hy sal kyk hoe julle optree."

130. En Ons het Farao en sy mense vasgevang in jare van hongersnood en verlies aan vrugte, sodat hulle daaruit kan leer.

131. So toe iets goeds met Farao en sy mense gebeur het, het hulle gesê: "Ons is geregtig daarop." Maar net sodra as wat hulle gely het nadat iets slegs met hulle gebeur het, het hulle dit as 'n slegte voorteken op Moses en die wat saam met hom was geblameer. Luister, wat ook al met hulle gebeur word nie deur mense veroorsaak nie, maar is deur die Wil van Allah, selfs die slegte wat met hulle gebeur, maar meeste van hulle weet dit nie.

132. En die Farao en sy mense het gesê: "Moses, met watter teken jy ook al na ons toe gaan kom om ons mee te betower, ons gaan nie in jou glo nie."

133. So het Ons dan die storms en die sprinkane, die peste, die paddas en die bloed, na hulle toe gestuur, alles duidelik onderskeibare tekens. En tog het hulle aanmatigened en verwaand gebly en 'n skuldige volk.

134. En elke keer wanneer die straf oor hulle kom, het Farao en sy mense by Moses gepleit: “Moses, bid asseblief vir ons tot jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer op grond van die ooreenkoms wat Hy met jou gesluit het. As jy hierdie straf van ons af wegneem, sal ons definitief in jou glo, en die kinders van Israel saam met jou stuur.”

135. Maar wanneer Ons die straf wegneem, dan het hulle net vir 'n rukkie getrou gebly aan hul belofte, om elke keer maar net weer hul belofte te verbreek.

136. Daarom het Ons wraak geneem op hulle, en hulle in die see verdrink, omdat hulle Ons tekens belieg het en nalatig daaromtrent gewees het.

137. En Ons het kinders van Israel wat as swak beskou was, die erfgename van Egite en Sirië gemaak, van die ooste tot die weste, wat Ons geseën het. Daardeur is die verhewe, voortreflike woord van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer vervul vir die kinders van Israel, omdat hulle geduldig in geloof vas bly staan het selfs wanneer dit swaar gegaan het onder die Egiptenare. En Ons het dit wat

Farao en sy mense opgebou het en hulle mooi huise en hoë bome, afgebreek.

138. Ons het die kinders van Israel deur die see laat gaan, waarna hulle 'n volk teëgekom het wat in aanbidding voor hul afgode gesit het. Die kinders van Israel vra toe vir Moses: “Moses maak vir ons ook so 'n god soos hulle gode.” Moses antwoord hulle toe: “Julle is darem regtig 'n onkundige volk.

139. Dit waarin hierdie afgodsaanbidders hulle bevind, gaan verseker vernietig word: en dit wat hulle doen is vals.”

140. Moses gaan toe verder en sê: “Verwag julle nou van my om vir julle 'n ander god as Allah te kry, en dit terwyl Hy aan julle uitnemendheid bo alle volke van die wêrelde gegee het.”

141. En onthou hoe Ons julle van Farao en sy mense gered het: hulle wat julle geweldige leed aangedoen het, wat julle seuns vermoor het en julle vroue lewend gelaat het, dit waarin 'n groot beproewing van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer vir julle was.

142. Ons het 'n belofte aan Moses gegee dat hy vir dertig dae op die berg Sinai in toewyding moet sit, waarna Ons dit met tien dae verleng het. Allah het dus in total vaqn Moses verwag om veertig dae op die berg Sinai te bly. Ter voorbereiding het Moses toe vir sy broer Aaron gevra: “Neem my plek in tussen my mense en kyk dat dinge reg gaan, en moenie maak soos die kwaaddoeners nie.”

143. Toe Moses dan nou kom op Ons bepaalde tyd, en sy Skepper, Voorsienere en Onderhouer met hom praat, toe antwoord hy: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer wys Uself vir my sodat ek na U kan kyk.” Maar Allah het gesê: “Moses jy sal my nooit sien nie. Maar kyk na die berg. Indien die berg op sy plek bly, dan sal jy my sien.” So, toe sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer 'n klein bietjie van Homself aan die berg openbaar het die berg daar waar die openbaring plaasgevind het aan stukkies gebars, waarna Moses bewusteloos neergeval het. Toe Moses bykom, sê hy: “U is rein. Ek bely my berou teenoor U en ek is die eerste om te glo.”

144. Daarop sê Allah: “Moses, Ek het jou bo alle manne uitverkies vir my boodskappe en om namens My te praat. Neem dan nou wat ek aan jou gegee het, en wees een van die dankbares.”

145. Daarna het Ons vir Moses die Wet, wat alle soorte advies bevat het, op die Tablette geskryf, met 'n verduideliking van alles. So Moses, hou dit stewig vas, en vra jou mense om aan die beste daarin vas te hou. Ek sal aan jou die huis van die sondaars wys, die land Sirië.

146. Ek sal diegene wat sonder rede 'n vals sin van aanstootlike meerderwaardig het, daarvan weerhou om enige kennis en begrip te put uit My geopenbaarde verse in die Wet, die Evangelie of die Koran: eintlik is dit hierdie slegte gewoonte van hulle wat hulle weerhou van die bewuswording van die waarheid.
Dit is die mense wat, selfs al sien hulle elke teken, nie daarin glo nie. Selfs wanneer hulle die Weg van leiding sien, dan neem hulle dit nie as hul weg nie, maar hulle neem eerder die weg van misleiding as hulle weg wanneer hulle dit sien. Dit is omdat hulle Ons tekens belieg en belaster het en nalatig daarmee was.

147. Diegene wat Ons tekens asook die ontmoeting van die Hiernamaals belieg en belaster het, hulle dade het vermors geraak. Hulle sal nie beloon word vir wat hulle gedoen het nie.

148. Toe Moses na die dertig dae nie terugkom van die berg af nie, toe maak die volk vir hulleself 'n goue kalf van al hul juwele en ornamente: slegs die vorm van 'n kalf niks anders as 'n klaegeluid kon maak nie. Kon hulle nie sien dat die ding nie eens met hulle kon praat of hulle na die Regte Weg lei nie? Hulle het sommer baie van hulle goue kalf gehou en het sodoende groot sonde gedoen.

149. Toe hulle egter sien dat hulle van die Wil van Allah afgedwaal het, het hulle berou gehad, en gesê: “As Allah ons nie genade gaan betoon, en ons nie vergewe nie, gaan ons sowaar van die verloorders wees.”

150. Toe Moses terugkom by sy volk het hy kwaad en hartseer omdat die volk so iets kon doen, gesê: “Besef julle hoe groot is die sonde wat julle in my afwesigheid gedoen het? Hoe kon julle so 'n oorhaastige besluit geneem en so 'n fout gemaak het en dit teen die direkte opdrag van Allah in?” Moses sit toe vinnig die Tablette neer en gryp sy broer Aaron aan sy hare terwyl hy hom na homself toe trek. Aaron pleit toe by sy broer: “Ag Moses, seun van my moeder, die volk beskou my as swak en was net daarop uit om my dood te maak: so moenie dat die vyande vir my lag nie, en moet my ook nie as een van die oortreders beskou nie.”

151. Sy broer se verduideliking het Moses beitjie laat afkoel en hy bid toe: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vergewe my en my broer, en neem ons op in u genade. U is die Meesgenadige van almal wat genade betoon.”

152. Diegene wat vir hullself die goue kalf as god geneem het, die woede van Allah sal op hulle neerdaal in die Hiernamaals en hulle sal verneder word tydens hierdie aardse bestaan. En dit is hoe ons die fabriseerders vergeld.

153. Maar diegene wat sonde gedoen het, en daarna berou het en glo: waarlik daarna is julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer Meesvergewend, Baiegenadig.

154. Toe Moses se woede bedaar het, het hy die Tablette opgetel: waarvan die inhoud leiding bevat het asook genade vir diegene wat met 'n heilige ontsag en respek vir hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer lewe.

Die volk twyfel of die Wet die woord van Allah is

155. Daarna het Moses sewentig man uit die volk gekies vir Ons Afspraak by die berg Sinai met die wat die woord as eg betwyfel het en ter bevestiging My woord sou hoor maar steeds daarop aangedring het om My te sien. Later, toe die aardbewing hulle getref het, as gevolg van my woede oor hulle onkunde en hardkoppigheid het Moses gesê: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer indien dit U wil was kon U hulle en my al eerder vernietig het. Sal U ons vernietig na aanleiding van wat die dwase tussen hulle gedoen het? Dit is niks anders nie as net 'n toets van U af, waardeur U laat afdwaal wie U wil en leiding gee aan wie U wil deurdat hulle die les en wysheid insien wat hieruit te leer is. U is ons beskermer, so vergewe ons en betoon genade teenoor ons: van almal wat vergewe is U die beste.

156. En bestem vir ons die goeie in hierdie wêreld en in die Hiernamaals. Ons keer onsself tot U in berou” daarop het Allah gesê: “Wat betref my straf: ek tref daarmee wie Ek wil. En My genade reik uit na alles. So, ek sal dit so bestem vir almal wat 'n heilige ontsag en respek het, en wat die Armebelasting betaal en diegene wat Ons verse glo.”

Die suksesvolles is diegene wat die Ongeletterde Profeet navolg

157. Diegene wat die Boodskapper navolg, die ongeletterde profeet van wie daar in die Wet en die Evangelie geskryf is, hy wat die goeie beveel en die slegte verbied, wat die rein dinge vir hulle toelaatbaar maak en die onrein dinge ontoelaatbaar, en die Jode van hul las bevry, deur die herroeping van van allerhande reëls en regulasies, die kettings waarmee hulle gebind was. Diegene wat in hom glo, hom ondersteun en versterk, hom help en die lig navolg wat deur middel van hom geopenbaar is: hulle is diegene wat suksesvol is.

Die Twaalf Stamme van die kinders van Israel

158. Mohammed, sê vir die mensdom: “Mense, wie julle ook al is en waar julle ook al is, ek is 'n boodskapper van Allah wat na julle toe gestuur is deur die Een aan wie die koninkryk van die hemele en die aarde behoort*. Daar is geen ander god as Hy nie. Hy skenk lewe en bring die dood. So, glo in Allah en sy Boodskapper, die ongeletterde profeet, wat self in Allah en in Sy woorde glo: en volg die voorbeeld van Sy Boodskapper sodat julle die Regte Weg sal bewandel en so binne die Wil van Allah sal bly.” (*K34:28)

159. En in die gemeenskap van Moses is daar mense wat leiding verskaf met die waarheid en daardeur reg en geregtigheid laat geskied.

Allah het die Profeet gevra om die Israelite van sy tyd te waarsku met die volgende verhalings uit hulle verlede

160. Ons het die kinders van Israel in twaalf stamme opgedeel, as afsonderlike gemeenskappe. En toe die volk vir Moses water gevra het, het ons aan hom openbaar: “Slaan die rots met jou stapstok.” Toe Moses dit doen het daar twaalf fonteine uit die rots gestroom. En elke stam het geleer waar hul drinkplek is. Ons het vir hulle koelte gegee met die skadu van wolke. Ons het ook vir hulle die Manna en Kwartels afgestuur en gesê: “Eet van die goeie wat Ons aan julle voorsien het.” Hulle het Ons geen skade aangedoen nie, inteendeel hulle het eerder hulleself benadeel.

161. Onthou julle toe daar aan die volk gesê was: “Bly nou in hierdie dorp en plant vir julle self kos net waar julle wil, sê: 'Hitta' wat beteken: 'Ons vra om vergifnes.' en gaan al neerbuigende deur die stadspoort, sodat Ons julle foute kan vergewe. Ons sal baie meer gee aan die wat goeie dade doen.”

162. Maar diegene wat vol sonde was het die woord wat hulle moes sê met 'n ander een vervang. Die gevolg was dat Ons 'n plaag uit die hemele op hulle afgestuur het, omdat hulle oortree het.(K2:58-60)

163. En vra vir die Jode of onthou hulle die dorp wat by die see geleë was, waar hulle so die Sabbatswette oortree het. Deurdat die vis openlik op die Sabbat na hulle toe gekom het en nie op die ander dae nie het Ons hulle getoets, en hulle het sonde gedoen.

164. Onthou hulle ook toe 'n groep van hulle gesê het: “Hoe preek jy vir 'n volk wat Allah in elk geval gaan vernietig of straf met 'n geweldige straf?” En hulle geantwoord het: “Ons doen dit om onsself te verontskuldig voor julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en om hulle te kry om 'n heilige ontsag en respek vir Allah te hê.”

165. Wat van die keer toe hulle die raad wat hulle gegee was vergeet het, het Ons diegene gered wat altyd die sonde verbied het en diegene wat oortree het met 'n bittere straf gestraf, omdat hulle ongehoorsaam was.

166. En toe hulle aanhou om te doen wat hulle verbied was om te doen, het Ons vir hulle gesê: “Word ape en lewe in skande en verneding.”

167. Wat van toe jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer verklaar het dat hy sonder ophou tot en met die Oordeelsdag toe, gaan aanhou om indiwidue en groepe te stuur wat hulle swaar straf en in inguns bring. Waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is vinnig om te straf, maar ook Meesvergewend, Baiegenadig.

168. Ons het hulle in afsonderlike gemeenskappe verdeel en regoor die wêreld versprei. Somminge van hulle leef binne die Wil van Allah soos vervat in die Wet, en ander weer is net mooi die teenoorgestelde deurdat hulle ongelowig geword het. Ons het hulle getoets deurdat goeie dinge met hulle gebeur en deur slegte dinge wat met hulle gebeur, sodat hulle sou terugkeer tot geloof in hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer.

169. Na hulle het daar 'n geslag gekom wat die Wet oorgeërf het maar wat eerder die aardse dinge van hierdie wêreld nagevolg het en wat gesê het en valslik daarop staatgemaak het dat: “Ons sal vergewe word.” Hierdie mense is so vasgevang in hul sonde dat hulle oor en oor dieselfde keuses sou maak, soos om die Wet te verdraai met die doel om daaruit 'n inkomste vir hulself te verseker. Was dit nie hulle wat hulleself verbind het tot die ooreenkoms wat in die Boek vervat is, dat hulle niks oor Allah sou sê wat nie die waarheid is nie?En hulle weet goed wat die ooreenkoms bepaal het. Verstaan hierdie mense dan nie dat die die woning wat in die Hiernamaals wag vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, baie beter is as die een wat vir die ongelowiges wag nie?

170. Die godsdienstige leiers van die Israeliete wat vashou aan die onveranderde ooreenkoms wat vervat is in die Wet en die leiding daarin navolg asook die vereiste Aanbidding getrou instandhou, hul beloning sal nie verlore gaan nie want Allah vermors nie die beloning van die mense wat binne Sy Wil lewe nie.

171. Wat ook van die keer toe Ons die berg Sinai bokant hulle koppe opgelig het asof dit 'n skadunet was en hulle gedink het dit gaan op hulle val. Toe het Ons gesê: “Hou dit wat Ons aan julle gegee het deeglik in stand en moenie vergeet wat daarin geskryf staan nie, sodat julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah mag hê.”

Die Verbond van die Skepper met alle skepsels voor die sigbare skepping

172. Daar was 'n tyd, voor die sigbare skepping van alles, toe jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer uit die kinders van Adam vir 'n oomblik alle nageslagte voortgebring het, aldus alle mense wat ooit op die aarde sou lewe, en van hulle 'n plegte belydenis verkry het wat die lig van geloof in die harte van alle mense, ooit, aangesteek het, deur vir hulle te v ra: “Is Ek nie julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie?” en hulle geantwoord het: “Natuurlik is U: ons bevestig dit.” Die doel hiermee was dat niemand met die Oordeelsdag sal kan sê: “Ons het nie hiervan geweet nie.” of hulleself sal kan verontskuldig deur te sê:

173. “Dit was ons voorouers wat vennote met Allah geassosieer het, ons is maar net hulle nageslag. Gaan U ons nou vernietig op grond van wat daardie valse gelowiges gedoen het?”

174. Dit is hoe ons die verse uiteensit en verduidelik sodat die dit afgedwaaldes kan help om terug te keer tot die belydenis waarmee hulle geskape en gebore was dat Allah hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer is.

175. Vertel dan vir hulle die verhaal van Biliam wat in Kanaan naby Jerusalem gewoon het, een van die godsdienstige leiers van die Israeliete aan wie Ons, Ons verse gegee het deurdat hy kennis gedra het van sekere boeke wat deur Allah geopenbaar was, en wat baie volgelinge gehad het omdat hy vroom en kundig was. Hy het homself egter daarvan losgemaak deurdat hy die kennis en wysheid wat Allah aan hom gegee het geminag en verontagsaam het, soveel so dat die Satan hom oorgeneem het en hy een van die misleides geword het.

176. En indien dit Ons Wil was kon Ons vir Bileam deur sy kennis en vroomheid 'n baie hoë posisie gegee het, maar hy het aan hierdie aardse besittings vasgeklou en sy begeertes nagevolg. Hierdie voorbeeld van Biliam is soos die voorbeeld van 'n hond: of jy 'n hond nou wegjaag of ignoreer, sy tong hang altyd uit, want dis maar hoe hy is. (K2:6). So, vertel vir hulle die ou verhale sodat hulle daaroor kan nadink en iets daaruit kan leer.

177. Hierdie ou verhale bevat voorbeelde van wat die sonde aan 'n mens kan doen: hulle wat die geopenbaarde boodskappe van Allah ignoreer is soos honde wat net lewe om hul behoeftes te bevredig.

178. Die persoon aan wie Allah leiding gee is die een wat op die een enkele Regte Weg is en wat binne die Wil van Allah lewe; wat betref diegene wat Allah laat afdwaal van die een enkele Regte Weg af om een of ander van die verskeidenheid van misleidings na te volg, hulle is die verloorders.

179. Dit is so dat Ons vir die Hel 'n hele klomp mense en die Jinn geskape het, want hulle het harte waarmee hulle nie verstaan nie, oë waarmee hulle nie sien nie, en ore waarmee hulle nie hoor nie. Hulle is soos beestewat geen ander voordeel uit hul sintuie trek anders as om net te loop en vreet nie. Maar eintlik is hulle baie meer mislei as beeste omdat hul sintuie tot baie meer instaat is. Hulle is die agterlosiges.

Die name van Allah is enige en volledig

180. Allah het die mooiste name: unieke name wat die eienskappe en hoedanighede van Allah weerspieël en wat die hoogste vorm van volmaaktheid en voortreflikheid bevat. So, om watter rede julle Allah ook al aanspreek, of dit is om Hom te aanbod, te loof en te prys, jou liefde en respek vir Hom te verklaar of om Hom te vra om julle met iets te help, gebruik hierdie name, dit is die beste manier om Allah aan te spreek. Moenie iets te make hê met mense wat hierdie unieke name van Allah verdraai of op enige manier daarvan afwyk nie: Allah het spesifieke name en dis al. Mense wat hierdie spesifieke beskrywende naamwoorde, soos vervat in die Koran, en wat die name van Allah uitmaak, vir ander wesens gebruik behalwe waar die Koran dit toelaat, of nalaat en verwaarloos of wat ander beskrywende naamwoorde byvoeg asof dit ook Allah se name kan wees, oortree en sal daarvoor gestraf word.

181. Daar is onder diegene wat ons geskape het, mense wat met waarheid lei en reg en geregtigheid laat geskied en nie hul persoonlike voorkeuere toelaat om hul oordeel te beinvloed nie.

182. Maar wat betref diegene wat Ons tekens belieg en belaster, hulle word stadig maar seker, sonder dat hulle dit eers agterkom beweeg in die rigting van hul straf.

183. Ek gee aan hulle die die kans om hulle aardse bestaan vir 'n rukkie te geniet. Maar My plan is vas en finaal.

184. Het hierdie mense nog nie agtergekom dat hierdie vriend van hulle wie hulle dink 'n snaakse boodskap het, nie regtig mal is soos so baie mense dink nie? Hy is inderwaarheid maar net iemand wat die realiteite duidelik uiteensit en die mense waarsku teen die straf wat gaan kom.

185. En het hierdie mense nog nie die geskiedenes bestudeer en gesien hoedat koninkryke gekom en gegaan het nie, en na die skepping en hoe Allah alles gemaak het nie en besef dat hulle tyd van afrekening dalk ook baie naby is nie? Watter ander woorde sal hulle dan oortuig om te glo, na alles wat hulle gesien en gehoor het?

186. Vir wie ook al Allah laat afdwaal, is daar niemand wat leiding kan gee nie. Em Allah los hulle om blindweg ron te dwaal in hulle opstand.

187. Hulle, die Koereisj in Mekka, vra jou ewe spottend uit oor die Uur van die Oordeelsdag wanneer alles sal ophou bestaan en die dooies weer opgewek sal word, dit waaroor jy hulle so dikwels waarsku: “Wanneer sal dit gebeur?” Sê vir hulle: “Net Allah dra kennis van wanner die Uur sal wees. Niemand anders as net Allah kan dit laat plaasvind nie. Wanneer dit gebeur sal dit 'n swaar en moeilike belewenis wees vir beide hemele en aarde. En dit sal skielik oor julle kom.” Hulle vra jou ook of jy ingelig is oor wanneer die Uur sal kom. Sê vir hulle: “Net Allah dra kennis hiervan, maar meeste mense besef dit nie.”

Die Profete was maar net gewone mense wat in opdrag en soos Allah wou gepraat en opgetree het

188. Sê vir hulle ook: “Ek het nie mag oor my eie lewe om myself te bevoordeel of te benadeel, anders as dit wat die Wil van Allah vir my is nie. As ek kennis van die ongesiene gehad het, sou ek vir myself oorgenoeg van die goeie dinge bymekaargemaak het en seker gemaak het dat die slegte dinge nie naby my kom nie. Ek is maar net iemand wat die sondaars kom waarsku het en vooruitgestuur is met goeie nuus vir die gelowiges.”

189. Allah is die Een wat die man geskape het uit 'n enkele siel, en uit hom sy vrou, sodat die man troos in sy vrou kon vind uit die plesier om saam met haar te woon, met haar seksuele gemeenskap te hê en haar met deernis te behandel. So, nadat die man seksuele gemeenskap met sy vrou gehad het, het sy swanger geword en eers net lig gedra sodat sy maklik kon rondbeweeg. Later, toe die baba in haar groter en swaarder word, het hulle angstig begin raak oor die baba en toe bid sy en haar man tot Allah, hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer, met 'n onderneming: “As U ons seën met 'n kind wat in alle opsigte perfek gebore word, sal ons U ewig dankbaar wees.”

190. Maar toe Ons hulle seën met 'n kind wat in alle opsigte perfek is, toe assosieer hulle vennote met Hom ten opsigte van dit waarmee hulle geseën was. En Allah is vêr bokant dit waarmee hulle Hom geassosieer het.

191. Assosieer hulle diegene met Allah wat niks skep nie, maar wat eintlik self geskape is?

Die beweerde vennote van Allah kan nie eers hulleself help nie

192. Hierdie beweerde vennote kan nie enige hulp aan hulle verleen nie, want hulle kan nie eers hulself help nie.

193. En as jy hierdie mense uitnooi na die Regte Weg om binne die Wil van Allah te lewe, sal hulle jou nie volg nie. Of jy hulle dus uitnooi of stilbly dit sal geen verskil maak nie.

194. Diegene anders as Allah wat julle aanroep en aanbid si self diensknegte soos julle. So, as hulle eg is, roep hulle sodat hulle kan reageer.

195. Het hulle bene om mee te loop? Of het hulle hande om mee te vat? Of het hulle oë om mee te sien? Sê vir hierdie mense: “Bid tot die gode wat julle as vennote met Allah assosieer, beraam dan planne teen my en moenie my enige genade betoon nie.”

196. My beskermer is Allah wat die Boek geopenbaar het en diegene beskerm wat binne die Wil van Allah lewe.

197. Diegene wat julle buiten Allah aanroep kan julle nie help nie, want hulle kan nie eers hullself help nie.

198. En as julle hulle vra vir leiding, sal hulle julle nie hoor nie. Julle sien dat hulle na julle kyk, maar hulleself sien niks nie.

Allah is verdraagsaam

199. Mohammed, wees verdraagsaam met die gelowiges en moenie 'n te hoë standaard van hulle verwag nie: aanvaar dit wat elke mens binne sy vermoë kan nakom van sy verantwoordelikhede as Moslem en verskoon maar die foute en tekortkominge terwyl jy van jou kant af bly doen wat reg is al sou hulle dit nalaat, moedig mense aan om te doen wat goed en voordelig is en sien die onkundigheid oor van diegene wat jou steeds vyandig behandel terwyl jy maar net geduldig by voortgaan om die waarheid te verduidelik.

Pasop vir die Satan!

200. En indien julle getref is deur 'n aanval van die Satan, soek beskerming in Allah. Want Hy is die Alhorende, die Alwetende.

201. Diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, is verseker baie bedag op die Satan: die oomblik wanneer hulle aangeraak word deur 'n besoek van die Satan word hulle dadelik daarvan bewus, en is hulle dadelik baie versigting.

202. Wat betref die Satanskinders, die Satan sleep hulle in die sonde in, en hulle word eenvoudig meegesleur.

203. Wanner julle nie vir hulle 'n teken wys nie, dan sê hulle: “Kan jy nie maar een opmaak nie.” Sê vir hulle: “Ek volg slegs wat deur my Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan my openbaar word.” Hierdie is 'n Boek met insigte vanaf julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en 'n leiding en genade vir diegene wat glo.

204. So, wanneer die Koran aan julle voorgedra word, wees stil en luister daarna sodat julle geseën mag word.

Stille nederigheid met 'n heilige ontsag en respek

205. Wanneer jy soggens en saans jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer in herinnering roep deur Hom te loof en te prys of die Koran te resiteer, doen dit dan saggies en met nederigheid en 'n heilige ontsag en respek, en maak seker dat jy konsentreer sodat jou aandag gefokus bly by dit waarmee jy besig is en nie afdwaal nie.(K17:110, K7:55)

206. Waarlik die engele wat saam met jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is, dink nie hulle is te goed om Allah te aanbid nie, maar hulle verkondig Sy reinheid en kniel voor Hom neer.

O Allah, leer ons ook om U Reinheid en U Heiligheid te verkondig en in Aanbidding voor U neer te kniel.

Amen